

DIAS, DA GAMA EN DIE KHOIKHOIN:

**ONTMOETING VAN KULTURE
AAN DIE
SUIDPUNT VAN AFRIKA**

O.J.O. FERREIRA

ADAMASTOR
JEFFREYSBAAI & GORDONSBAAI
2010

INHOUD

VOORWOORD

| | |
|--------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------|
| 1 INLEIDING | 1 |
| Portugal in die tyd van Dias en Da Gama | 1 |
| Die Khoikhoin aan die suidpunt van Afrika in die tyd van Dias en Da Gama | 6 |
| Tydgenootlike bronne oor Dias en Da Gama se kontak met Suider-Afrika | 10 |
| 2 BARTOLOMEU DIAS EN DIE KHOIKHOIN | 14 |
| Voorbereiding vir die reis | 14 |
| Vertrek en vaart lang die kus van Afrika | 17 |
| Ontmoeting by Bahia en Aguada de São Brás | 20 |
| Verder ooswaarts tot by Rio do Infante | 25 |
| Terugvaart en louwarm tuiskoms | 26 |
| Tussenspel | 33 |
| 3 VASCO DA GAMA EN DIE KHOIKHOIN | 35 |
| Voorbereiding vir die reis | 36 |
| Aanvang van die reis | 39 |
| Ontmoeting by Bahia da Santa Elena | 40 |
| Ontmoeting by Bahia en Aguada de São Brás | 53 |
| Verder ooswaarts na Indië | 64 |
| Terugvaart en luisterryke tuiskoms | 66 |
| NAWOORD | 70 |
| BRONNE | 86 |
| REGISTER | 94 |
| ADAMASTOR: PUBLIKASIELYS, 2002-2010 | 101 |
| ILLUSTRASIES | |
| Fig. 1 | Infante Dom Henrique 2 |
| Fig. 2 | Koning João II 2 |
| Fig. 3 | Preste João 3 |
| Fig. 4 | Koning Manuel I 3 |
| Fig. 5 | Kruis van die Orde van Christus op seile 4 |
| Fig. 6 | Lissabon in die 16 ^{de} eeu 4 |
| Fig. 7 | Luís Vaz de Camões 5 |
| Fig. 8 | Verspreiding van die Khoikhoin 8 |
| Fig. 9 | João de Barros 10 |
| Fig. 10 | Detail van die Cantino-planisfeer 11 |
| Fig. 11 | Bladsy uit die <i>Roteiro</i> 13 |
| Fig. 12 | Bartolomeu Dias 15 |
| Fig. 13 | Karvelé 15 |

- Fig. 14 Dias en Da Gama aan die weskus 16
Fig. 15 Angra das Voltas (Lüderitzbucht) 18
Fig. 16 Dias aan die suidkus 19
Fig. 17 Mosselbaai en Outeniekwaberge 21
Fig. 18 Aktiwiteite op 'n Portugese skip 22
Fig. 19 Waterhaalplek by Mosselbaai 24
Fig. 20 Dias plant 'n padrão 27
Fig. 21 Rekonstruksie van Padrão de São Gregorio 27
Fig. 22 Replika van Dias-kruis, Kwaaihoek 28
Fig. 23 Planting van Padrão de São Filipe 30
Fig. 25 Kasteel in Sines, Portugal 35
Fig. 26 Vloot van Vasco da Gama 37
Fig. 27 Da Gama-landingsplek, Sint Helenabaai 41
Fig. 28 Da Gama-monument, Sint Helenabaai 41
Fig. 29 Khoikhoi met hulle vee 44
Fig. 30 Khoikhoi-familie 45
Fig. 31 Khoikhoi met sierade 45
Fig. 32 Khoikhoi-kraal 49
Fig. 33 Veloso-insident, Sint Helenabaai 49
Fig. 34 Khoikhoi se slagmetode 50
Fig. 35 Die São Gabriel vaar om die Kaap 53
Fig. 36 Adamastor verskyn aan Da Gama 53
Fig. 37 Khoikhoi-familie 55
Fig. 38 Da Gama gaan aan wal 56
Fig. 39 Khoikhoi-vroue dans 57
Fig. 40 Khoikhoi met hulle vee en pakosse 59
Fig. 41 Khoikhoi-veewagter en sy vee 59
Fig. 42 Simboliese kruis, Mosselbaai 64
Fig. 43 Da Gama se aankoms in Indië 66
Fig. 44 Da Gama rapporteer aan Manuel I 68
Fig. 45 Sarkofaag van Da Gama, Belém, Lissabon 68
Fig. 46 Roete van Da Gama na Indië 69
Fig. 47 Geveg tussen Khoikhoi en Portugese 71
Fig. 48 KhoikhoinvolgensDapper 73
Fig. 49 Replika van Dias-kruis, Kwaaihoek 76
Fig. 50 Replika van Dias-kruis, Port Elizabeth 76
Fig. 51 Replika van Dias-kruis, Lüderitzbaai 76
Fig. 52 Replika van Da Gama-kruis, Mosselbaai 77
Fig. 53 Dias-monument, Kaapse Skiereiland 77
Fig. 54 Da Gama-monument, Kaapse Skiereiland 78
Fig. 55 Da Gama-monument, Sint Helenabaai 78
Fig. 56 Dias-nisbeeld, Londen 78
Fig. 57 Dias-standbeeld, Kaapstad 78
Fig. 58 Dias-standbeeld, Mosselbaai 78
Fig. 59 Dias-borsbeeld, Durban 80
Fig. 60 Dias-gedenkteken, Pretoria 80
Fig. 61 Windroos, Monument van die Ontdekings 81
Fig. 62 Monument van die Ontdekings, Lissabon 82
Fig. 63 Da Gama-fontein, Durban 83
Fig. 64 Da Gama-standbeeld, Évora, Portugal 83
Fig. 65 Da Gama-standbeeld, Johannesburg 83
Fig. 66 Replika van Dias se karveel in Mosselbaai 83
Fig. 67 Bartolomeu Dias Museumkompleks, Mosselbaai 84
Fig. 68 Replika van Dias-karveel in museum 85

VOORWOORD

Oor Bartolomeu Dias (*c.*1455-1500) en Vasco da Gama (*c.*1469-1524) se omseiling van die Kaap die Goeie Hoop is deur die jare reeds talle boeke en artikels geskryf, maar weinig aandag is aan hulle ontmoeting met die Khoikhoi aan die suidpunt van Afrika gegee. Hierdie stukkie navorsing is 'n poging om daar die eerste kontak tussen Europeërs en die inheemse mense van suidelike Afrika te rekonstrueer en in konteks te plaas, want in die verlede is dit gewoonlik slegs vlugtig vermeld en het die klem hoofsaaklik op die "ontdekking van die seeweg na die Ooste" gevallen.

Die publikasies van Eric V. Axelson (1913-1998) en W.J. de Kock (1917-1970), die voorste Suid-Afrikaanse geskiedskrywers oor die Portugese ontdekkers "om die Kaap", het as grondslag vir hierdie studie gedien, maar, soos die bronnelys aandui, is daarnaas 'n verskeidenheid bronne deur skrywers met uiteenlopende agtergronde en belangstellings geraadpleeg wat direkte of terloopse inligting verskaf wat verdere lig op die ontmoeting en botsing van twee kulture aan die suidpunt van Afrika werp; 'n ontmoeting en botsing wat vir eeue daarna sou voortduur. Uit hierdie brokstukkies inligting ontvou 'n verhaal van botsings as gevolg van misverstaande weens 'n gebrek aan kommunikasie, maar ook as gevolg van diepliggende verskille wat lewens- en wêreldbeskouing betref. Die wedersydse negatiewe siening van mekaar tussen die Portugese en die Khoikhoi was waarskynlik van so 'n aard dat dit verbasend is dat die kleiner skermutselinge wat wel voorgekom het, nie op volskaalse gevegte uitgeeloop het nie. Die Portugese owerheid se opdrag aan sy ontdekkers om konfrontasie met die inheemse mense te vermy, het waarskynlik hierin 'n rol gespeel, maar persoonlik is ek van mening dat die inherent vreedsame karakter van albei groepe ook 'n groot bydrae daartoe gelewer het.

Uit 'n kultuurhistoriese oogpunt bied hierdie eerste ontmoeting tussen twee uiteenlopende kulture soos dié van die Portugese en die Khoikhoi nie alleen interessante leesstof oor 'n verbygegane era in ons gemeenskaplike geskiedenis nie, maar is daaruit ook lesse te leer vir die huidige tydsgewrig waarin 'n multikulturele land soos Suid-Afrika hom tans bevind. Wat daardie lesse is, sal elkeen vir homself by die lees van hierdie klein studie kan bepaal.

Die personeel van die Biblioteca Nacional in Lissabon het, soos in die verlede, uit hulle pad gegaan om my navorsing dáár te vergemaklik. Linda Labuschagne, Geesteswetenskaplike Navorsing van die Streekkantoor van die Wes-Kaapse Museumdiens op George, het my nie slegs skriftelik van inligting voorsien het nie, maar was ook 'n uitstekende gids tydens my besoek aan Mosselbaai. Karina Sevenhuyzen het blymoedig fotostate van sleutelartikels gemaak en aangestuur. David Botes het die manuskrip sorgvuldig taalkundig geredigeer. Aan hulle almal my opregte dank.

O.J.O. Ferreira
Jeffreysbaai
November 2010